

*Waar is hierdie foto geneem?

Die antwoord agteraan die agteros.

TOULEIER: Suid Koreaanse kos (vervolg)

Ons woonsteleienaar, Sumi Jang, die Japanese vroultjie van 'n Koreaanse lektor in voedseltegnologie, besluit toe sy gaan nie dat kamermaatjie heeldag en aldag alleen in ons woonstel opgesluit sit terwyl ek lekker by die werk kerjaker nie. O nee, sy daag byna elke dag somer vroeg by Annabelle op en nadat sy haar 'n paar keer in haar pajamas betrap het, is Annabelle later reg om te ry en gereed om te gaan verken sodra sy klop. Hoewel die een so min Afrikaans kan praat soos die ander Japannees, kom die twee somer dadelik oor die weg. Erger as 'n Siamese tweeling.

Heel eerste, soos sy ook met my gedoen het, word kamermaatjie geneem om te gaan kos koop. Die einste Sumi wat my mos *Why-why* gedoop het omdat ek elke keer in Engels die goed bevraagteken het wat sy in my trollie wou laai. Kossoorte en goeters wat ek glad nie ken nie. Nou kon sy behoorlik wraak neem.



Soos dit toe uitdraai, leer Annabelle waar in al die agterstrate, mens die varsste en goedkoopste en heerlikste groente en negosieware kon bekom. Sy het met smaak elke aand vertel van 'n nuwe dis wat sy gaan voorsit, gemaak van die kleur wortel en daai kleur blaar of boontjie. Ek moes toe net vinnig op my voete dink en sorg dat ons gereeld by die of daardie 'nuwe' plekkie gaan uiteet om te vermy dat ek per ongeluk vergiftig word.

Dis net die Biddumbap wat ek nie kon vryspring nie.

So gebeur dit toe. Een aand toe lê kamermaatjie my toe mos voor met die unieke dis

Sy en Sumi het diep en ver gaan skrop om al die regte bestanddele te kry en toe wys sy vir haar hoe om dit voor te berei.

Eers word ek mak gemaak deur 'n vinnige skoot Soju gevolg deur 'n blikkie Hite, 'n ligte Koreaanse bier, om die dors te les en die tong reg te ruk vir enige iets. Ek moet ruitelik erken, dis voorwaar een van die lekkerste vinnige en gesonde maaltye wat mens kan geniet. Dit het ook niks met pap te doen nie soos wat ek aanvanklik gedink het nie.



Die beste manier om dit te beskryf is amper wat mens in Suid Afrika sou noem 'n skielie. Of eerder 'n skieliesop. Gooi nog 'n bietjie rys ook in. Soos met die Chileense *a la Pobre* disse, plaas mens ook in hierdie geval, die harde of gebraaide eier bo-op die dis om dit af te rond met wit en geel.

Behalwe vir die gemaalde beesvleis bevat Bidimbap tradisioneel altyd ten minste ses verskillende groentes en ook verskeie soorte sampioene. Onthou, behalwe dat hulle baie blomblare gereed by hul disse bywerk, is die Koreane ook baie lief vir omtrent alles wat mens in die see kry. Vanaf seewier (hulle gunsteling) tot by jellievis en hangende af van die soort groente en spesery, so verander die naam eeffe om die inhoud en geur te weerspieël.

Bidimbap was gereeld op ons spyskaart, of ons nou uiteet en of kamermaatjie net 'n slag die yskas wou leeg maak van te veel groente.

Heel anders was die les wat ons geleer het oor die dieper en donkerder betekenis van Koreaanse Sushi.

Soos die slag wat ons dit voluit in Daegu gaan probeer het. Maar dis 'n storie vir 'n ander dag!

Hennie Greeff


Uitgewer

Onrusrivier Noord

RAAI RAAI RIEPA!

Twee maklike raaisels hierdie maand. Kyk hoe vinnig jy hulle kan oplos. Antwoorde elders in die nuusbrief versteek.


VRAAG 1: 'n Donkie se twee linker bene hardloop elke dag 31 km maar sy regterbene slegs 30 km. Dit klink of die donkie se bene aan die einde van die dag 'n kilometer uit mekaar moet wees.



Tog is die 'n heel normale donkie. Wat gaan aan?



VRAAG 2: Dit is aan die begin van die ewigheid en aan die begin van die end. Ook aan die end van die einde. Dis die kant van elke ruimte.



aan



Ek kyk na al die mense van my ouderdom wat bergklim, fietsry, en foefieslide ry in die woude...

En hier is ek wat goed voel oor myself net omdat ek my bene deur my onderbroek kry sonder om my balans te



In die Viktoriaanse tye het veral matrose, sommer gou omtrent al hul geld op drank bestee en het dan 'n pennie moes betaal om darem net oor 'n tou te hang en so die roes af te slaap.



Al ooit gewonder waar die Engelse weergawe van Babbelaas vandaan kom?

Die Sewende Gebod



As jy wil seker maak jy hoor die waarheid, vra ŉ kleuter of ŉ dronk mens. Oppas net wát jy vir wié vra. Die antwoord mag jou druk soos jou gimklere na ŉ Desember by die see.

Meer as een predikant het ook al die toets gedop. Nie in ŉ kroeg of gimnasium soos van sy gemeentede nie, maar in die kerk. "Kleuter-waarheid" ken geen plek of tyd nie. Soms hoef jy nie te vra nie, hulle sê jou sommer.

Met vier orreelpypies het ons alle eerlike en oneerlike redes gebruik om nié met hulle kerk toe te gaan nie.

Ons wasmasjien is al meer as ŉ week stukkend en die man by Gerber se winkel wat hom moet regmaak, verstaan nie ons probleem nie. Hy verstaan waarskynlik ook nie wasmasjiene nie. En net sodat almal verstaan, daar was daardie tyd nog nie papierdoeke soos nou nie. Op ŉ slegte dag kan jy tot vyf poefdoeke kry in die tyd wat dit neem om een met die hand te was. Ek bedoel nou die kinders. Dis die waarheid! Die spanning loop hoog en Mamma sê as sy die man by Gerber se winkel in die hande kry, klap sy hom wakker! Dit is nagmaal en ons waag dit kerk toe. Die agterste rye is reeds vol en ons kry plek in die middelblok so tien rye van agter af. Ons skuif nog in, toe trek klein Chris aan Mamma se rok:

"...ek bid dat Lot se walvis my moet insluk."

"Mamma, Mamma hier sit die oom van Gerber se winkel wat Ma wil wakker klap," sê hy opgewonde. Met vier in die huis wat gelyk aandag soek, is daar nie verskil tussen praat en skree nie. "Is Mamma is!" val een van die ander ook in.

En soos by Sodom kyk al die voorste banke om en dié wat links sit, kyk regs en dié regs kyk links. Dis die waarheid. Mamma en die man van Gerber se winkel sit soos soutpilaar en ek bid dat Lot se walvis my moet insluk. Of was dit nou Jona? Maak nie saak nie!

Eers toe Ou Dominee op sy mikrofoon tik en keel skoon maak, kom als weer tot bedaring. Ou Dominee preek oor liefde en vergifnis en vir die eerste keer in maande slaap al vier ons Filistyne op een slag.

Tot die brood kom. Ek dink klein Chris kan kos in sy slaap ruik. Die kind is altyd honger. Met die broodbordjie in my een hand en die ander een om klein Chris se gewrig, forseer ek sy handvol broodjies terug in die bord. "Maar Pappa ek is honger," kerm hy terwyl Mamma angstig ŉ koekie uit haar handsak opdiep. Ek voel hoe die walvis my voor Ou Dominee en die gemeente uitspoeg. Mamma sit soutpilaar en kyk stip voor haar. Net haar mondhoek aan Chris se kant beweeg en ek verbeel my ek hoor iets soos "doodslaan by die huis," maar ek kan verkeerd wees.

Ou Dominee maak harder keel skoon en die Sodomiete se koppe draai traag vorentoe. Chris kou tevrede aan sy koekie, tot die wyn bedien word. "Wat is daai, Pa?" Ek probeer so sag moontlik verduidelik dat dit wyn is. "Issie Pappa jok! Dis brannewyn."

Die bank agter ons begin ruk. Ek verbeel my ek voel sproei teen my nek. Wyn sluk en lag inhou op een slag is nie maklik nie en toe Chris vra: "Gaan Pa hom skoon vat?" toe val die mure van Jerigo op my.

Ou Dominee kyk na ons. Hy het al als gesien en hy verstaan ons verleentheid. "Toemaar broer en suster. Ons is almal deur die toets van kinders grootmaak. Ek weet julle is nou in die versoeking om die sewende gebod te oortree, maar jy mag nie doodslaan nie."

Die gemeente lag en sommige knik hulle koppe. "Net soos wat hierdie brood en wyn ŉ teken van volkome vergifnis is, net so moet ons ook aan mekaar doen."

Ek sien hoe Mamma haar hand op die man van Gerber se winkel se skouer sit en hy met ŉ glimlag omkyk en sê: "Jou wasmasjien se parte het gekom. Ek bring hom môre vir jou." Ek voel hoe die man wat my gesproei het, sy hand op my skouer sit en ek kyk na Ou Dominee en die mense om my en ŉ vrede spoel oor my wat ek nie kan beskryf nie...

Albie Schoeman

BRIEWE BUS





Voorspoedige Nuwe Jaar Hennie en gesin.

Baie dankie vir hierdie nuusbrieff J Ek het lanklaas so baie lagtrane moes afvee soos met die lees van Nuwejaar op Strandfontein deur Andre Dippenaar!!! Meer stories deur hom sal baie welkom wees!

Mooiloop en Groete

Letty



Môre môre Hennie.

Ek is al 'n kammalander van 2006 af.

Ons wou Engeland besoek en 'n vriendin het my vertel van Kammanuus. Het uitgereik en baie raad gekry van waar om te gaan en wat om te doen in Engeland. Sedertdien lees ek gereeld my Kammanuus brief en is baie spyt toe my maatskappy die skakel begin blok het. Ek woon in Kemptonpark, hier waar die voëltjies jou wakker hoës
Groetnis en 'n heerlike dag vir jou.

Riekie Blumenthal

Dit was nou SO lekker om te hoor vanaf 'n leser wat al 16 jaar lank die paadjie saam loop! -red

MENS HET MOS JOU TROTS!

Oom Piet en oom Koos was ou maats wat na hul aftrede elke Woensdag oggend saam ontbyt by hul gunsteling eetplek geniet het. Oom Koos se dogter het hom oorreed om in 'n woonstel na aan haar te kom woon nadat hy 'n kort tydjie in die hospitaal moes deurbring. Een Woensdag oggend



kort na hy verhuis het, het oom Koos nie opgedaag vir ontbyt nie. Die twee ou mans het nie een 'n selfoon nie en Oom Piet weet nie waar bly oom Koos se dogter nie en hy het nie die nuwe blyplek se Telkom nommer nie. Hy kan dus nie uitvind wat van sy ou maat geword het nie. Hy lees die doodsberigte in die koerante maar sien geen woord van sy ou vriend nie. Getrou Woensdag na Woensdag sit hy alleen en ontbyt eet en treur oor sy maat.

"Jy ken die mooi kroegmeisie by die hotel?"...

Die vyfde Woensdag wat hy alleen sit, stap oom Koos in en kom sit al glimlaggend oorkant hom aan die tafel. Oom Piet is half afgehaal en wil weet waar oom Koos was die afgelope maand en hoekom hy niks van hom laat hoor het nie!

"Ek was in die tronk" se Koos


"In die TRONK?" vra Piet ongelowig.

"Wel" se Koos "dit het so gebeur. Jy ken die mooi kroegmeisie by die hotel?"

Ja! Wat van haar?" vra Piet.

Saterdagmiddag gaan kyk ek rugby in die hotelkroeg en half tyd gaan ek toilet toe en ek kry die meisie in die gang oppad daarheen. Toe ek weer in die kroeg, kom het sy vir almal vertel dat ek haar verkrag het, vertel Koos. En toe?" vra Piet.

Wel ek is 85 jaar oud en trots op my vermoëns! Toe ek voorkom het ek skuldig gepleit, en die bl@&*^%se landdros gee my 30 dae tronk straf vir meineed.



Antwoord vir vraag 1: Die donkie word gebruik om 'n meul te werk en hardloop kloksgewys in sirkel.



Ek het alles wat ek as tiener wou hê... net 60 jaar later eers. Ek hoef nie skool toe te gaan of te werk nie. Ek kry elke maand 'n toelaag. Ek het nie 'n aandklokke nie. Ek het 'n rybewys en my eie motor. Die mense met wie ek rondhang, is nie bang om swanger te raak nie en ek het nie aknee nie. Die lewe is wonderlik! Ek het my motor se toeter verander na geweeskote en mense kom nou baie vinniger uit die pad.

Die dae dat meisies soos hul moeders gekook het, is verby; nou drink hulle soos hul vaders.

Ek was nie vandag by die gimnasium nie - dit maak vyf jaar in 'n ry. Ek het besluit om op te hou om die badkamer "John" te noem en dit "Jim" herdoop. Ek voel soveel beter dat ek vanoggend Jim toe gegaan het.

Ouderdom kom op 'n baie slegte tyd. Toe ek 'n kind was, het ek gedink slaaptid is 'n straf - nou voel dit soos 'n klein vakansie.

Die grootste leuen wat ek myself wysmaak, is: "Ek hoef dit nie neer te skryf nie, ek sal dit onthou".

Verlede jaar het ek aangesluit by 'n ondersteuningsgroep vir uitstellers - ons het nog nie ontmoet nie.

Waarom moet ek "1" druk vir Engels, as ek in elk geval net deurgeskakel word na iemand wat ek nie kan verstaan nie?

Natuurlik praat ek met myself, veral wanneer ek kundige advies nodig het.

Op my ouderdom beteken "geluk" om in 'n kamer in te loop en te onthou waarvoor ek daar ingestap het.



Indien jy ooit nutteloos of eenvoudig voel, onthou net dit het 20 jaar geneem en triljoene gekos vir 4 presidente om die Taliban met die Taliban te vervang!

Die Noot vir Noot wat Nooit Uitgesaai was nie

Johan Stemmet

Toe ek hom laas gesien het, het hy met sy broek op sy enkels gestaan.

Dit was 25 jaar gelede en hier loop ons mekaar weer raak, in Saldanha, voor die Lewis Store.

"Johaaaaaan!! Noot vir Noot!!"

'n Klokke wil-wil êrens lui.

"Dis Clive! Clive Barlow! Ek was mos op Noot vir Noot, gaskunstenaar, 1996," borrel dit terwyl hy my omsingel met 'n omhelsing wat my effe onkant vang. Covid kom tweede. "Maar my verhoognaam is nou Tony Tenor."

Die klokke lui.

Hy is nou in sy sestigs en die broek sit. Ek neem aan hy is deeglik gegordel want die middelrif het oor die jare heelwat gesak en verberg die gespe ietwat. Lewensgroot staan hy voor my. Letterlik lewensgroot. Clive Barlow aka Tony Tenor.

"Wat doen jy deesdae Clive?"

"Tony Tenor" help hy my weer reg voordat hy wegval. Nie net blom sy sangloopbaan nie maar hy beplan 'n CD. Soek net 'n paar lekker "songs" en 'n "manager." Daar is 'n "band" op Vredenburg en 'n neef van hom in Velddrif ken iemand wat 'n "homestudio" in Paternoster het. Het ek nie Jaconell Mouton se nommer vir hom nie want hy wil haar "book" op "keyboards." Dan kort hy nog net 'n borg. Wil Stemmburg Televisie nie dalk in hom belê nie? En terwyl hy entoesiasies aangaan oor waar, wat, waarheen, hoekom en hoe, dwaal my gedagtes terug na daardie gebeurtenisvolle ateljeeopname in 1996.

Ons kry 'n foto en 'n bandopname van 'n tenoor wat nie te onaardig sing nie en die frisgeboude jongman in die foto lyk heel skaflik.

Ek vang Johan van Rensburg se oog en hy gee my daardie 'O fodde' kyk.

Hy word bespreek, sy keurspel saamgestel en deeglik deur die orkes instudeer.

Die opnamedag breek aan en daar daag 'n man op. Maar dis 'n groot man. Ons soek oor sy skouer na ons gaskunstenaar want hierdie is sekerlik sy lyfwag?

Toe nie. Gehasie homself staan voor ons, 20 jaar ouer as in die foto wat hy gestuur het en van die frisgeboude figuur is daar in lewende lywe geen teken nie. Net fris het opgedaag.

Met die eerste repetitieslag kom ons gou agter dat die stem ook 20 jaar gelede tussen motballetjies weggebêre was of hierdie stem is nie die stem wat ons op die bandopname gehoor het nie!

Nou wat nou? Ek vang Johan van Rensburg se oog en hy gee my daardie 'O fodde' kyk.

Die gehoor kom in. Die deelnemers is agter hulle podiums en die gaskunstenaar moet sing. En hy doen...

Met die eerste liedjie kyk die deelnemers half onseker en effe verward na mekaar. Met die tweede begin die gehoor senuagtig giggel. Met die derde begin die musiekfabriek foute maak want hulle kan nie hulle bladmusiek lekker sien nie. Die trane loop.

Ek probeer nou net oogkontak met Johan van Rensburg vermy. 'O fodde' is nou 'n eufenisme. En Clive sing. Dan dié kant van die noot, dan daai kant van die noot, als behalwe op die noot. Maar hy sing!

Hy is vroeg in die keurspel skoon uitasem want hy probeer ewe spontaan 'n Michael Jackson danspassie tydens 'O Sole Mio' uithaal. Met die draaislag struikel hy oor sy voete en woorde. Die sweet tap hom af. Hy vat die laaste liedjie in die keurspel so 'n halwe vers voor die orkes by hom kan uitkom. Die gehoor skreeu nou van die lag maar vir Clive is dit 'n teken dat hulle ook nou 'in die vibe' begin kom.

Daar lê nou net daardie laaste hoë noot van 'Funiculi Funicula' voor. Maar die noot is net-net buite Clive se bereik, sy unieke vokale vermoëns in ag genome. Hy gaan vir daai hoë noot met oorgawe. Hy knyp wat geknyp moet word hier duskant die nersderm, trek sy asem en maag gelyktydig in.... en daar gaan die broek! Maar sommer so direk van sy middellyf af waar hy nog tydens die vorige noot gesit het, reguit enkels toe.

Nou staan Clive in sy onderbroek, steeds singende met mikrofoon in die een hand en met die ander probeer hy sy broek optrek. Die ganse ateljee is nou in pandemonium gedompel. Kameramanne lê op die vloer. 'n Tannie in die gehoor kry 'n floute. Maar Clive sing.

Ek sluip so van die kant af op die verhoog en probeer vir hom wys hy kan maar ophou maar hy hou daai laaste noot. Hy het hom dan nou gevat en hy gaan hom nie sommer so los nie. Hy gaan hierdie noot nou ry, al knyp hy tot annerdag toe. Die orkes het al ophou speel toe klou Clive steeds verbete aan daai laaste noot. So asof hy nie wil hê sy groot oomblik moet verbygaan nie.

Die gehoor bars in 'n spontane applous uit, nie soseer vir die keurspel nie maar meer vir Clive wat steeds rondhop met sy broek op sy enkels en vir die tannie in die gehoor wat intussen weer bygekome het.

Clive glimlag breed, meer trots as verleë. Hy het sy ding gedoen en die gehoor was mal oor hom. Die episode is nooit uitgesaai nie.

"Julle moet my weer 'n kans gee, toe man, " vra Clive aka Tony Tenor.

"Die mense soek my nog kwaai. Ek is die main man as dit by "entertainers" kom hier teen die Weskus af tot binne in die Lambertsbaai in en ek vertel tot vandag toe vir almal: Noot vir Noot het my op die "map" gesit..."



Spreekkamer- Stories.

Met 'n lepel vol lag.

Dr. Fana Malherbe



“Hoe gaan dit met antie?”

“Nee, my kind, nie te goed nie. Ek het mos die water.
En dan het ek mos die suiker . . .”

“Al wat antie nou nog kort, is 'n teabag.”



Dokter: “Is dit jou kind, mevrou?”

Moeder: “Nee, dokter, dis my vriendin se kind.”

Dokter: “En hoekom bring jou vriendin nie self haar
kind kliniek toe nie?”

Moeder: “Want sy kyk na my kind wat ook siek is,
dokter.”

KAMMAWÊRELD

Hologramme binne Hologramme – 'n Oppervlakkige Besigheid

deur Maryna Blomerus



Ons het reeds gesien hoe min ons ons intuïsie en sintuie kan vertrou om uit te werk of ons 'n gesimuleerde heelal bewoon of nie. In hierdie uitgawe raak dinge net meer bisar as ons die holografiese beginsel in oënskou neem.

Die holografiese beginsel het sy oorsprong in swartgate. Die grens of membraan wat die binne- en buitekant van 'n swartgat skei, word die gebeurtenishorison genoem. As jy hierdie angswekkende grens oorsteek – so lui die teorie – word jy in die swart gat ingeslurp sonder enige hoop om ooit terug te keer.

Jacob Bekenstein en Leonard Susskind het vasgestel dat 'n swartgat se entropie (die graad van wanorde) 'n kwart van sy oppervlakarea in Planck-eenhede is. Hierdie beginsel geld nie net vir swartgate nie,

maar vir alle gewone dinge wat deur 'n oppervlak omsluit word. Hoewel 'n swartgat (of enigiets anders) 'n driedimensionele volume beslaan, lyk dit dus asof die inligtingsinhoud daarvan 'n eienskap van sy tweedimensionele oppervlak is.

Dit klink bedrieglik onskuldig. In alle ander beskrywings van die wêreld verdubbel die hoeveelheid inligting wat nodig is om die deeltjies binne 'n volume – gas byvoorbeeld – se doen en late te beskryf as jy die volume verdubbel. Ons voel intuïtief dat inligting in verhouding tot volume behoort te vermeerder en nie, soos die holografiese beginsel suggereer, tot oppervlakarea nie. Die holografiese beginsel werp twyfel of die derde dimensie ooit werklik is en nie 'n blote illusie is nie, soos die driedimensionele beelde wat in 'n hologram geskep word.

In 1997 het Juan Maldacena 'n vernuftige oplossing, gerugsteun deur wiskunde, aan die hand gedoen wat die heelal baie vereenvoudig. Sy oorspronklike publikasie is meer as tienduizend keer aangehaal, 'n rekord in die literatuur van teoretiese fisika.

Maldacena se heelal kom met sy eie fisika. Dit is 'n hologram, want al die fisiese aktiwiteite in die binnekant kan beskryf word aan die hand van inligting op die 2D-grens. Elke fundamentele deeltjie en interaksie aan die binnekant het sy wiskundige ewebeeld op hierdie grens waar inligting in diskrete brokkies geberg word. Jy kan kies om die binnekant heeltemal te ignoreer sonder die verlies van enige inligting. In hierdie heelal is swaartekrag bloot 'n illusie soos beleef deur diegene aan die binnekant.

Volgens stringteorie is fundamentele deeltjies eintlik klein snare of membrane wat vibreer. Elke deeltjie verteenwoordig 'n unieke trilling van die snare, nes 'n enkele kitaarsnaar baie note kan voortbring. Materie is inligting op membrane wat manifesteer afhangend van hoe dit getokkel word.

So, hoe steek 'n holografiese heelal in mekaar?

Ingenieurs stem saam dat 'n komplekse vorm soos 'n sel of 'n heelal ten beste gebou word as 'n hiërargie van stabiele subeenhede. 'n Subeenheid word afsonderlik saamgestel, maar is ontwerp om saam met ander eenhede as 'n groter geheel te funksioneer. Arthur Koestler noem 'n semi-otonome deel wat aan die een kant selfregulerend funksioneer, maar aan die ander kant deel is van iets groter, 'n holon.

In 'n holografiese heelal is elke ding 'n holon. Dit word bevestig deur Mandelbrot se ontdekking van fraktale, die herhalende en nabootsende patrone wat in die natuur en wiskunde voorkom. Ons sien letterlik dat die deel die geheel bevat of die geheel herhaal, en tog is elke deel steeds 'n geheel in homself.

Dit is 'n vername eienskap van hologramme dat, as jy hulle opbreek, elke deeltjie steeds al die inligting van die geheel bevat, net in 'n laer 'resolusie'. Amit Goswami stel dit so: "Die Een word baie deur sêlf verwysing, gefragmenteer in verstrengelde hiërargieë van selffiltererende inligting".

Iets wat leef – 'n sel, 'n orgaan, 'n liggaam – bestaan as 'n Self binne sy membraan (of vel of dop) met 'daarbuite' die res van die wêreld (die Ander). 'n Lewende ding is nie bloot die somtotaal van sy dele nie; dit bestaan uit 'n hiërargie van subdele. Op elke hiërargiese vlak omsluit die membraan alle sub-membrane en uit die sintese van al die inligting verrys daar 'n nuwe entiteit wat meer is as die som van die dele.

Leef ons dus in 'n hologram? Hopelik is daar 'n lig aan die einde van die haasgat. Kom ons soek volgende keer verder daarna.



‘n Vlaamse insig in ons Afrikaner Kultuur.

Linda Kestens vertel hoe ons doen en late lyk vir ‘n inkommer uit België.



Boere Maak Planne!

Die Dippenaar's het in 1988 in Lydenburg aangekom en die twee mense het diep in my hart ingeklim.

Isaak is 'n metallurgiese ingenieur. Sy vrou Carol het toe al 3 jaar teorie van haar mediese tegnologie diploma voltooi maar moes nog haar 18 maande prakties by 'n patoloog doen. Op 'n klein plattelandse dorpie soos Lydenburg was daar geen geleentheid om haar prakties te doen nie. Haar gemoed was deur dit soms laag, sy moes die droom laat vaar maar het weer die leisels opgevat en aan 'n ander loopbaan begin dink. Dit is toe dat sy besluit om aansoek te doen by die plaaslike apteek en haar diploma te kry as aptekersassistent.

Isak is 'n groot man van 2 meter lank. Hy en Carol se twee seuns, Donovan en Riaan was kranige rugbyspelers op skool en hulle het nooit 'n rugbywedstryd as familie gemis, die seuns op die veld en die ouers op die kantlyn. Rugbypraatjies was algemeen, maar vir ons wat in België groot geword het met sokker/voetbal was dit 'n heel nuwe sport om te leer ken en verstaan. My man is self ook groot en sterk gebou en was baie sportief in sy jonger jare, maar hy het sokker gespeel, kano gevaar en fiets gery. In ons eerste jare op Lydenburg is hy deur werkskollegas genooi om aan 'n rugbyoefening deel te neem. Hy het so geskrik vir die gestamp, stoot en takkel, toe 'n klomp mans hom bestorm, was dit net een te veel vir hom. Vir hierdie kontak sport het hy nie verder kans gesien nie.

..die Franse platteland nie so rugbymal is as wat hy gedink het nie..

Met die einste Carol en Isak het ons met 'n huisboot gaan vaar op die kanale in Bretagne, Frankryk.

Een dag wou Isak 'n belangrike rugby wedstryd wat in Suid Afrika sou afspreek op televisie kyk. Ons is toe van die een taverne na die ander, na talle probeerslae kon ons nêrens kry wat die wedstryd uitsaai nie. In ongeloof moes Isak daai dag aanvaar dat die Franse platteland nie so rugbymal is as wat hy gedink het nie. My man het hom toe maar probeer troos met 'n goeie bottel Franse wyn.

Na 10 jaar is die Dippenaars van Lydenburg na 'n veel kleiner Machadodorp en werksgeleenthede vir Carol was nul. Net om huisvrou te wees sou haar nooit gelukkig kon maak nie en dit is toe dat sy met haar Unisa studies om as rekenmeester te kwalifiseer begin het. In haar tyd op Machadodorp het sy haar Bcompt. Honneurs voltooi. Ondertussen het Isak besluit om sy eie ingenieursfirma in Johannesburg te begin. Met die samekoms van omstandighede kry Carol toe ook die geleentheid om haar 4 jaar prakties/artikels by 'n firma in Johannesburg te kan doen. Op die ouderdom van 40 het sy as rekenmeester gekwalifiseer en was dit die begin van 'n suksesvolle loopbaan.

Hierdie twee mense weet hoe om die meeste uit die lewe te put.

Kophou, aanhou, uithou, moedhou!

Boemerang Boertjie



Ray Theron skryf van daar doer onder
'n Wag Voor Jou Snater.

So 'n eeu of wat gelede, toe ek in my vroeë twintigs was, sit ek en my ou skoolmaat Clubby in die bioskoop in die Strand. Voor ons sit toe die pragtigste twee jong juffers wat jy jou kan indink. Ek wou vir my maat sê wat ek van hulle dink, maar wou nie dat hulle verstaan nie. Omdat ons saam Duits op skool geneem het, vertel ek toe maar vir hom op Duits hoe lieflik ek dink hulle is en hoe hulle by wyse van spreke my oë aan't uitpeul het (altans, iets in dié lyn) en hy stem saam. Net daar draai een om en bedank ons in suiwer Duits vir die komplimente! Dis die dag dat ek besluit het om baie versigtig te wees wat ek waar sê. Net my geluk ek het dit met die meisies skoon gehou!

In Melbourne sit ek mos eendag op die trein, en so skuins voor my sit 'n baie deftige mejuffroutjie. En sy praat met iemand op haar selfoon:

"Ek gaan Afrikaans praat, hoor, want ek wil nie hê iemand moet verstaan wat ons gesels nie."

Die persoon het blykbaar saamgestem, want die deftige nooi gaan voort:

"Die vent wat hier langs my met sy dye 'n myl uitmekaar sit, torring aan my moer. Vir wat sit hy so? Is sy dingese geswel? Ek stort sommer die helfte van my bottel water per ongeluk opsetlik op sy skoot uit. Wat 'n moegoe!"

Verposing.

"Ja, as 'n mens op die simpel blessits trein kon rook, het ek sommer 'n brandende vuurhoutjie op hom laat val. Aspris, natuurlik! Die vetsak maak my naar!"

Ek skud in stilte van die lag, maar swyg. Tot ons by die volgende stasie stop en sy opstaan om die trein te verlaat. Toe sy langs my verbystap, sê ek saggies: "Ja, onbeskofte mense maak my ook mal."

As sy haarself in die niet in kon wens, het sy dit sekerlik gedoen, maar al wat sy kon sê was: "O magtag!" en toe is sy weg.

In Sydney stap ek mos eendag die straat. Voor my loop twee mans. Beide het pette op, maar hul nekvelle is nogal blas, toe vermoed ek mos hulle is dalk Maoris of Tongane of so-iets. Ewenwel, voor hulle loop 'n antie. Wel, eintlik 'n antie en nog een, want sy's breër as wat sy lank is. Haar agteraansig het my herinner aan die tekening van 'n bekende Boesmanvrou wat in my standerd-ses Geskiedenisboek was. Gróót is 'n onderskatting. En langs haar loop 'n mannetjie, seker goed 'n tiende van haar gewig, met twee harige bleek beentjies wat in sy kortbroek se wye pype beweeg sonder dat die materiaal roer.

"die antie kannie help dat sy soes 'n Tamboerskloof bus lykie!"

En so stap die vyf van ons die straat op, weg van die hawe af. En niemand sprak 'n sprook nie. By mekaar verby kan ons ook nie, want daar's a dik stroom mense wat die sypaadjie bult-af loop. En die antie hyg later soos 'n Garratt wat deur die Karoo aanstorm, want die bultjie is nogal 'n stywerige een. 'n Straatblok of wat verder praat een van die ouens voor my skielik, en net daar wil ek my kraak...

"Djirre, mens, ma' as djy 'n gat soes 'n stoep het, sal djy mos sokkel teen diese bultjie!"

"Sies, man, djy's lieliek mettie mens!" sê sy maat.

"Dja," voeg ek by, "die antie kannie help dat sy soes 'n Tamboerskloof bus lykie!"

Die twee voor my swaai om. "Hiert!" sê die eerste een, "wa' is djy? 'n Wit Capey?"

"Da lat die man nou al jou onderrokke uithang," lag die ander een. "Djy wil moes soe aspries wies mettie mense hieso!"

Ná ons lekker gelag het, is die drie van ons die naaste watergat in om die Kaap met flou Ossie bier te vier.

Ja-nee, hou maar liefs 'n wag voor jou snater, dan maak jy nie 'n krater van jouself nie!

Agteros -kort voor slaapyd

BLOMME KYK IN "SHITRUSHDAL"

ANDRE DIPPENAAR

Tot Woensdag se kant het ons twee vrinne in 'n lamferwaas geleef. Praat nie veel nie, loop en bloei binnekant toe! Selfbeeld, soos Ketoolsie se sinnigheid vir die Kreepy, moer toe!

Brandewynbeloftes en nuwejaarsvoornemens, so reken Dippies, het half-en-half 'n sterk ooreenkoms met die verwekking van meeste laatlammetjies. Wanneer die brieke oor daai oordadige aanwending van 'n ou Wellingtontjie beginne gly, worry 'n man mos nou nie eintlik oor die botsing en gevolge nie! As 'n man dan nou per ongeluk van die beloftetjie vergeet, so filosofeer hy, het dit mos die vuil gewoonte om jou met dieselfde slag as die aankondiging van die koms van 'n laatlammetjie te tref. Onverwags, amper soos appelkoosmaag!

Woensdag was Frik-goed se appelkoosmaagdag. Herinner die die rokvolk hulle twee mos ewe aan die blommekyk-belofte. En nie sommer net só nie – herinner soos in reisplan, transport, spyskaart, reëls en alles met militêre presisie. Drankvrye kultuurtoer verklaar

Frik mompel ontsteld iets van "Bleddie buns vreet wat lyk of dit in 'n African Grey se hok groot geword het, vrot vannie sonneblompitte" en "tee suip soos 'n span pastoriekoeke wat 'n kinnerkrans dans beplan"

Saterdagoggend. Blou Datsun 1400 met canopy vat koers blomme toe. Frik isegrimmig self agter die stange. Dippies, die GPS van vlees en bloed, dui koers aan. Rokvolk en Frik se twee spruite agterin by die coolboks vol sappies, buns, vrugterolletjies en ander kilojule-afwerende middels gepak.



Gerrie Pretorius kerm hulde aan Bles op die CD.

Tussen die Kersefontein en Aurora afdraaipaaie lê die noodlot op loer soos 'n struikrower. Vir die van julle wat dalk nie weet nie – dis nou op pad tussen Veldrif en Piketberg – die roete blomme toe.

Een moerse slag onder die enjinkap. Alternatorliggie gloei rooier as 'n escort girl se geverfde toonnaels. Toerdirekteur Frik roep na boven en beslis nie in afsmeking van genade nie. "Donnerse fanbelt het gekalf. Dis nou mooi, dis nou donners mooi!" diagnoseer hy.

"Pappa, die kinders", maan die liefde in Frik se lewe hier vanuit die passasiers gedeelte. "Kinders se g*t!" brom die drywer en trek die toerbus af.

"een van julle vroumense moet nou vir my 'n pantyhouse gee..."

Krap in die rooi toolboksie rond, maar g'n niks spaar fanbelt nie. "Susan", kommandeer die busdrywer, "een van julle vroumense moet nou vir my 'n pantyhouse gee lat ek die beengedeeltes kan gebruik vir 'n nood belt tot in Piketberg"

Wat's die kanse? Rokvolk getooi in jeans en panties sonder hoses! Blommetoer in sy moer.

Adviseer die GPS: "Frik, vat jou onderbroek se rek, die ding behoort te hou tot naby Sanddrift, dan bel ons vir Gys om te kom help"

Mor Frik tot agter 'n rooipitjie bos en kom 'n minuut of wat later terug bakkie toe met die Jockey noodhulp in sy hand.

Onderbroekrekke is nie pantyhose nie. Pantyhose is wrywingbestand - soos Shark ondersteuners. Onderbroekrekke is bloot vir support, amper soos Stormer fans. Skaars

500 treë verder gloei rooi-oog weer, maar nou soos 'n sigaretkooltjie, kompleet met 'n wolk rook wat onder die enjinkap uitborrel!

"Vandag staan en brand die bleddie bakkie nog uit ook" bulder Frik. Stilhou, deur oopmaak, uitspring en enjinkap oplaag - gesinchroniseer - so asof die noodprosedure vooraf ge-oefen was.

Moet myself eers in die rede val. Noodbeplanning, so reken onse vrinne toe hulle agterkom die blommetoer is ononderhandelbaar, is nie in 'n vroumens se verwysingsraamwerk nie. Dippies is 'n diep denker. "Tussen daai blomme en fynbos krioel dit van slange en gifgoed. Sal 'n Wellingtontjie onder die seat moet bêre net vir ingeval 'n gifding een van ons bykom. Met my suikerprobleme moet 'n Coke Zero saamgaan. Vrugtesappies donner my dalk net in 'n koma in"

Ses Kastele is 'n bekwame elikser vir "sonsteek en dehidrasie" reken Frik toe hulle Vrydagaand die noodhulp onder die sitplek wegsteek.

Verlede Saterdag het Dippies agtergekom dat 'n Zero wat val en 'n brandblusser net een verskil het - voorkoms!

"..praat met Sareltjie, hy sit en poep vrot hier agter..

Kook Datsun verwoed. Rook en vuur onder die enjinkap! Gryp Frik die brandende onderbroekrek en smyt dit deur tussen die bosse in. Laat val Dippies 'n Zero en spuit die 1400 se enjintjie te midde 'n stoom Zero tot bedaring!

"Pa", kla Klein Frik, "praat met Sareltjie, hy sit en poep vrot hier agter in die bakkie. Ons kan dit nie meer hou nie!"

"Frikkie, jou taal. Sommer lus en spoel jou mond met seepwater uit. Mens sê 'wind gelaat', nie daai lelike P woord nie" betig Susan.

"Ma, hy't nie 'n wind verlaat nie, ruik my hy't in sy broek geskylt!" mor Klein Frik.

Nes die spul Israeliete destyds met oorle Moses - met niks tevrede nie. Regte spul klagatte, dink Dippies amper hardop.

"Sharrap en help ruik dit op!" grom Frik.

"Ruiter van die windjie" sing Gerrie.

Frik se moer nou so suur soos makouk*k en die nerwe van die res van die toergroep ook maar rou geskawe. Dippies probeer vir neef Gys skakel, maar niks gemaak nie. Boggerol sein en nog minder verkeer. "Groter kans dat die Pous 'n buisswangerskap gaan ontwikkel as wat ons het om nou gehelp te word" loop en brom hy.

Nkosi sikelele iAfrika! Redding. Dube's Taxis - met whitewall tyres en al - kom stop. Lyk vir Dippies of 42 staande en 28 sittende passasiers uit die Toyota minibussie bondel.

Anties hol met bont komberse bosse se kant toe. Hurk in 'n ry soos kallers in 'n voerkraal en doen wat mens moet doen as liters Stoney's Gingerbeer jou knypers oorval. Die manne tou lyndraad se kant toe en gaan staan geslurp, soos 'n trop Thuli-blok olifante, skuimkolle anderkant die draad en spuit.



Voor jy kan sê "Kaper se gat" is nuwe fanbelt op. Kós die toergroep. Dippies doen teësinig afstand van sy bottel gifgoedweerder.

Datsun se battery intussen pap gehuldig. Ses Kastele help die stoters uit die taxi om lewe in die battery terug te huldig. Frik so somber soos 'n Hoogendoorn, Human en Pit ondernemer van ouds!.

Blomme toe, sing die Datsuntjie se tyres.

"I am the eagle you're the wind" sweef Gerrie.

Soos grafte swyg die drywer en sy GPS.



Nou't Moeder Natuur mos 'n manier om teësinnige blommekykers aan haar boesem te koester. So hol Datsuntjie Piekenierskloof uit.

By die laaste draai bo gryp sy in met 'n wolkekombers. Al wat daisy, vygie en veldblom is se gesiggies trek toe. Skaam. Soos 'n oujongnoi wat 'n glow in the dark kondoom by 'n tombola gewen het!

"..Ingilse puisies kry van so half kaal op die koue sement loop sit!"

Trek Frik die toerbus af. G'n niks se blommekykery verder vandag nie. Rokvolk se gesigte hang soos 'n vellesmous se broekgat.

"Toemaar Mamma" troos Frik – vals, soos 'n varsgedrukte R3 noot – "kom ons gaan sit by 'n tafeltjie langs die pad. Dan eet ons al daai lekker goedjies wat julle ingepak het. Volgende naweek lyk die weer dalk beter, dan maak ons weer so"

Gril Frik en Dippies African Grey buns af met sappies en rooibostee. Frik somer so staan-staan. Sementstoeltjie se koue hopeloos te naby aan sy Jockeylose stêre. Dink hy so by homselwers aan sy oorle ouma Jaatjie se vermaninge van "Ingilse puisies kry van so half kaal op die koue sement loop sit!"

Draai hy die Datsun vol Israeliete se kop terug na die vleispotte van Vredenburg en sit voet in die hoek.

"Love is my destiny" moedig Gerrie aan.

Oos, Wes, Tuis bes!

"Plaas lat ons liever bleddie rugby gekyk het" mymer 'n Wellingtonlose Dippies toe Frik-goed met die Datsuntjie om die hoek verdwyn.


André Dippenaar

KYK UIT VIR JOU VOLGENDE KAMMANUUS IN MAART

KAMMANUUS KINDERFONDS 2022

ONS MIKPUNT: R20,000 teen Kersfees

**DANKIE AAN AL DIE
NUWE SKENKERS!**



Betaal jou gereelde skenking oor aan:

HJ Greeff - FNB Spaarrekening

60379199926

Tak Kode: 200 412

SWIFT: FIRNZAJJ

Hoofstraat 84 Hermanus 7201

Merk betalings HULPFONDS